'n Onvergeetlike naweek



Uiteindelik is dit Vrydag. Ek en my beste maat, Daza, is baie opgewonde. Ons gaan die naweek na my oupa en ouma se plaas toe. Ons was al baiekeer daar en elke keer geniet ons dit baie.

Ons praat al weke daaroor. Ons skryf selfs vir mekaar briefies in die klas daaroor. Ons onderwyseres, mev. Stander, het ons al 'n paar keer op heterdaad betrap. Niks kan egter ons vrolikheid demp nie.




X + y =
x + y =

Ons is mal oor die plaas. Daar is eende, ganse, hoenders, donkies, honde, apies en, natuurlik, drie boerbokke.

Die bokke word in 'n kampie naby die donkies gehou. Hulle het groot oë en ore. Hulle het ook kort horinkies in die middel van hulle voorkoppe.

Elke Saterdag trek Ouma en Oupa hulle oorpakke en rubberstewels aan om die bokke se kampie skoon te maak.

So 'n kampie kan baie vuil raak!





Toe ons 'n paar uur later by die plaashuis aankom, weet ek dadelik dat iets nie pluis is nie. Ouma en Oupa was nie by die plaashek om ons te verwelkom nie.

Toe sien ek hulle. "Ma, iets is verkeerd! Ouma en Oupa lê plat op hulle rûe in die middel van die modderige kampie!"

"Goeie genade!" roep Ma uit. "Ek hoop hulle het nie seergekry nie! Waar is die bokke, Ngwenia, Leila en Billie? Hulle moes weer ontsnap het! Niel, gaan jy en Daza kyk wat van die bokke geword het. Ek sal vir Ouma en Oupa gaan help."






Ngwenia is 'n mak bok wat Ouma hans grootgemaak het. Toe hy klein was, het hy kos in die huis kom steel en op die rusbank kom slaap! Hy is baie slim, en het geleer hoe om die hek van die kampie oop te maak. Wanneer hy dit doen, ontsnap die ander twee saam met hom.

Leila, die jongste bok, is onlangs ingeneem. Billie, die oudste bok, is soms knorrig en dan stoot hy mense met sy horings onderstebo. Dit is seker wat met Oupa en Ouma gebeur het!








Ons hardloop so vinnig as wat ons kan die veld in. Daar tref ons al drie die bokke aan, waar hulle aan die heerlike vars, groen gras staan en wei.

Ek wens ons kan hulle nog 'n tydjie van vryheid gun, maar daar is geen heinings nie. Hulle is heeltemal te lief vir mnr. en mev. Nathe se geliefde proteas – ons kan nie die kans waag nie!

Saggies roep ons hulle. "Ngwenia, Billie, Leila!" Al drie bokke tel hulle koppe op en kyk vir ons, nuuskierig oor wat ons wil hê.





Ek stap eerste na Ngwenia toe. Toe ek by hom kom, praat ek saggies met hom. Hy stap rustig saam met my. Leila stap agter Daza aan. Ons lei die bokke terug na die kampie toe.

Ouma en Oupa is nie meer in die kampie nie. 'n Bietjie gekneus maar verder ongedeerd sit hulle op hulle gemakstoele op die stoep.

Ek en Daza maak die hek van die kampie stewig toe en stap na waar Billie nog wei. Ons slaag daarin om 'n halsband om sy nek te kry en bind 'n tou daaraan vas. Toe lok ons hom met 'n wortel en lei hom na die kampie toe terug.



In die kombuis wag tuisgemaakte koekies en vrugtesap op ons. Dit is Ouma se koekies – ons gunstelingsoort.

"Dankie, Ouma!" roep ons albei.

Jasmyn, die hond, sit by ons om te kyk of daar krummels op die vloer val. Ouma en Oupa het vyf honde: Jasmyn, Joja, Kareltjie, Ou Grote en Komma. Almal van hulle was haweloos en is deur Ouma en Oupa aangeneem.

Jasmyn is 'n langbeenhond met 'n blink vel en groot, sielvolle oë. Ek dink altyd dat sy 'n aristokratiese voorkoms het.



Die honde speel 'n belangrike rol op die plaas. Ou Grote is 'n sagmoedige reus wat maats gemaak het met Gansie die gans. Ons roep Ou Grote om 'n beskuitjie te kom haal, maar Gansie kla omdat sy nie ook iets kry nie. Ek draf terug na die kombuis toe om vir haar 'n stuk brood te gaan haal.

Joja is Ouma se spesiale hond. Sy is baie lief vir Ouma en kom vlei haar teen Ouma aan wanneer sy die kans kry.

Komma en Kareltjie is groot maats. Hulle maak seker dat die hoenders veilig is wanneer daar jakkalse in die omtrek is.



Daar is 'n groot dam op die plaas. Ek en Daza gaan graag daar swem. Die honde gaan gewoonlik saam.

Die volgende oggend draf ons twee dam toe om te gaan swem, vergesel van al vyf die honde.

Jasmyn is veral lief vir die water. Eenkeer, toe ek 'n kwaai kramp in my been gekry het, het sy my arm sagkens in haar bek gevat en my na die wal toe getrek. Ek en Daza voel baie veilig by Jasmyn.





Later word dit tyd vir middagete. Op pad terug na die plaashuis toe hoor ons 'n desperate geblêr. 'n Pasgebore lammetjie het in 'n struik met dorings verstrengel geraak.

"Daza, help my om die lammetjie los te kry."

Met 'n taamlike gesukkel slaag ons daarin om die lammetjie te bevry. Dadelik draf hy na sy ma toe, wat angstig staan en toekyk het.

By die huis vertel ons vir almal wat ons gedoen het.

"Wel gedaan," sê Oupa. Julle gaan môre baie hê om julle maats te vertel!"

Wat 'n onvergeetlike naweek! Ons is mal oor die plaas.

Goeie herinneringe bly ons altyd by.



Mooi Nig

By ons huis het 'n bokooi gebly
Met die naam Mooi Nig,
My broer het haar gekry
In ruil vir werk reeds verrig.

Ons ma hou nie van bokke
Hul pla haar as sy lees,
Boet wou haar nie hou in hokke
By ons in die huis moes sy wees.

Hy't gespeel met Mooi Nig
Elke dag daar in die veld,
En haar toertjies onderrig
Wou haar verruil vir geen geld.



Mooi Nig het hom agternagesit
Selfs as hy skool toe gaan,
En laatmiddag met sy huistoerit
Was sy nog daar in die laan.




Nooit het hy haar vasgemaak
Hy wou haar vryheid gee,
En mense het gewoond geraak
Om te sien daar gaan die twee.

(Patricia Capansky, verwerk)

Het jy geweet?

- ✓ Moederbokke en hulle lammetjies herken mekaar se blêrgeluide van die eerste dag af.
- ✓ Bokke het uitstekende koördinasie en balans, daarom kan hulle teen steil berghange leef.
- ✓ Bokke kan bome klim. Sommige bokke kan oor voorwerpe van tot een en 'n halwe meter spring.
- ✓ Die hoender is die naaste lewende afstammeling van die Tirannosourus Rex.
- ✓ Hoenders kan verskillende mense herken en onthou.
- ✓ Die geluid wat ganse maak, word snater of gaggel genoem.
- ✓ Ganse maak goeie "waghonde".
- ✓ Honde word "Die mens se beste vriend" genoem.
- ✓ Honde het uitstekende gehoor en kan klanke baie beter as ons hoor.
- ✓ Honde word as snuffelhonde en gidshonde gebruik. Hulle is ook gewilde troeteldiere, want hulle is baie intelligent.







Groepleesaktiwiteite



1 Lees die volgende vrae en skryf die antwoorde neer.

a. Daza en Niel het vir mekaar briefies in die klas aangegee. Hoe dink jy het hulle onderwyser gereageer?
b. Wat was die name van die bokke? Van watter een het jy die meeste gehou? Sê waarom.
c. Beskryf wat met Ouma en Oupa gebeur het. Skryf omtrent agt sinne daaroor.
d. Hoe het Niel en Daza dit reggekry om Billie in sy kampie terug te kry?
e. Wat het Niel en Daza gedoen om die lammetjie te red?
f. Dink jy Niel en Daza woon op 'n plaas of in die stad? Sê waarom jy so dink.
g. Sou jy graag op 'n plaas wil woon? Gee redes vir jou antwoord.



2 Maak of jy Daza is. Skryf 'n brief aan Niel se ouma en oupa om hulle vir die heerlike naweek op die plaas te bedank.